**JY KRY 'N A!**

Matteus 3:17

Is dit belangrik om goeie dinge vir en oor mekaar te sê? Behoort dit vir my saak te maak of mense goeie dinge van of vir my sê?
Hoort dit in die **kerk?** Om goeie dinge vir mekaar te sê? In die **werkomgewing** is dit 'n manier om mense te motiveer om nog harder en beter te werk. En in die kerk? Moet ons mekaar nie liewer motiveer deur te wys op die sonde wat daar nog in ons daaglikse handel en wandel kop uitsteek nie?

**SKRIFLESING: Matt 3:13-17 (:17)**

**1. JESUS VEREENSELWIG HOM MET SONDAARS**
**Jesus se doop** is die begin van sy *amptelike bediening*. Dis miskien daarom dat Markus en Johannes glad nie eers *sy geboorte* noem nie, maar sommer by die doop begin! Dit is die begin van Jesus se openbare optrede … en van sy l*ydenspad*.
Ons sou die aanvang van Jesus se openbare optrede seker baie **anders beplan het** – met baie "pomp and ceremony": koor en orkes, optogte en baniere!  Jesus se eerste openbare daad, daarteenoor, is dat Hy hom onderwerp aan die doop *"tot vergiffenis van sonde"* - saam met die berouvolle sondaars– asof Hy self ook 'n sondaar was.
Daarom maak Johannes aanvanklik **beswaar**. Hy weier, want hy weet Jesus is sonder sonde.
Jesus sê nie "Johannes, jy misgis jou nie, ek is ook maar 'n sondaar soos alle mense nie." Hy sê*: "Johannes, ons moet altwee aan die wil van God gehoorsaam wees."*  **Boodskap:** "*op hierdie manier voer Ek en jy God se groot plan uit om die wêreld te red".*
Al was Jesus nie 'n sondaar nie en al het Hy dit ook goed geweet, het Hy hom volkome met sondaars **vereenselwig**. Jesus gaan die water in, nie om sonde *af te was* nie, maar om die sonde van mense *op Hom te neem*. Hierdie was maar net die *begin* van sy vernedering*. Uiteindelik* sou Hy soos die grootste sondaar onskuldig gekruisig word.
**Tussen** sy doop en sy kruisiging was daar egter nog baie **versoekings** om van hierdie pad wat God vir Hom gekies het, af te wyk. Die *eerste ding* wat bv. onmiddellik hierna gebeur, is dat Hy in die woestyn deur Satan versoek word. Dink ook maar aan die dag toe Hy oor sy dood gepraat het en *Petrus* Hom berispe het. Uiteindelik was daar nog *die moordenaar* wat saam met Hom gekruisig is en wat Hom as't ware uitgedaag het om van die kruis af te kom (Luk 23:36). Elke keer moes Jesus soos hier teenoor Johannes **sy keuse** om gehoorsaam te wees aan die roeping wat Hy van God ontvang het**, herbevestig**. Elke keer raak dit *erger, moeiliker*.

**2. DIE HEMEL GAAN OOP**
En dan gaan die **hemel oop**. Die *Gees* van God daal op Jesus neer … en daar is 'n *stem* wat sê: *"Dit is my geliefde Seun."* Aan **die end** van die lydenspad sou die **Romeinse soldaat** wat by die kruis wag gestaan het, dit beaam as hy sê : *"Hierdie man was werklik die Seun van God!"* (Markus 15:39)
Br en sr, omdat Hy die *sondelose Seun van God* was en hierdie weg *enduit* geloop het, kan *ons en ons kinders ook gedoop* word, het *die hemel* vir ons ook oopgegaan!

**3. DIE VADER SE WOORDE**
Maar kom ons keer terug na my **vrae aan die begin** en na die Vader se woorde volgens die Lukas evangelie. Hy sê **goeie dinge, mooi dinge** oor die Seun: *"Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek my."* (Luk 3:22)
**Benjamin Zander**, dirigent van die Bostonse Filharmoniese orkes, het saam met sy vrou die boek The Art of Possibility geskryf. Daarin verduidelik hy sy benadering tot mense. Dit is 'n benadering wat volgens hom 'n *transformerende krag* is. Die mense met wie hy te doen kry, word daardeur verander en hyself ook. Hy verduidelik sy benadering aan die hand van iets wat **Michaelangelo** sou gesê het. Michaelangelo het blykbaar gesê: *"In elke blok graniet sien ek 'n pragtige beeld."* Vir Benjamin Zander beteken dit dat hy *die goeie, die mooie in elke mens na vore wil bring.* Hy noem hierdie benadering ***"Giving an A".*** Dit kom daarop neer dat hy alle mense behandel asof hulle A-kandidate is. Hy doen dit letterlik. Die studente vir wie hy 'n semesterkursus in die kuns van musiekuitvoering bied, gee hy sommer aan die begin van die kursus 'n A-simbool.  **Waarop kom hierdie benadering in die praktyk neer?** Zander noem 'n paar punte:

- Jy *fokus* nie op ander se beperkings nie, maar ontdek saam met hulle hul uniekhede.
- Jy skat hulle *na waarde* en luister na hulle.
- Jy *verwag nie die minste* van hulle nie en daarom sal hulle hul beste lewer.

**Gee jouself 'n A.** As jy jouself *onderwaardee*r, sal jy geneig wees om dieselfde met ander te doen.
Hy sê hy verwag van sy studente dat hulle wanneer hulle uitvoerings gee, hulle  soos A-kandidate moet optree. Daarom gee hy vir hulle 'n A en help hy  hulle om dit te verwesenlik, *"to live up to it". (*= teenoorgesteldfe van *"to give a dog bad name and hang him.")*

**4. IS DIT CHRISTELIK?**
**Die vraag is egter of dit christelik is? Alle eer kom tog God toe?**  Sal dit mense nie *hoogmoedig* maak nie? Is dit *gepas-christelik* om goeie en mooi dinge *vir* en *van* mense te sê?
Die teoloog, **Henri Nouwen** sê: "Ja!" Hy skryf hieroor in sy boek ***Life of the Beloved***. Hy skryf dit in die vorm van 'n brief wat hy

aan ‘n Joodse vriend wat in die hart van New York bly, rig. Die **vraag wat die boek ten grondslag lê**, is: Wat het hy, Henri Nouwen, oor spiritualiteit te sê vir iemand wat in hierdie polsende wêreldstad met voortsnellende taxi’s en wolkekrabbers bly, waar geweld hoogty vier en vrees, agterdog en angstigheid bestanddele van die daaglikse lewe is? **Die antwoord** wat hy op hierdie vraag gee, som hy in een woord op. Dit is die woord ***geliefde.*** *“Jy is God se geliefde,”* skryf hy vir sy vriend.
Hierdie woorde is volgens hom **so belangrik omdat** ons in ‘n **kultuu**r leef wat ons voortdurend wil wysmaak dat ons **nie goed genoeg** is nie. Dit ly tot **selfverwerping** en selfverwerping maak dat ons op allerlei **dwaalweë** beland in ‘n poging om te bewys dat ons nie so sleg is nie. Daarom wil Nouwen hê dat **die eerste en belangrikste woord** wat sy vriend moet hoor, is *dat hy God se geliefde* is. Eers as hy dit gehoor en vir homself toege-eien het, sal hy as God se geliefde *kan leef*.
Br en sr, dit is as’t ware ook die eerste woorde wat God wil hê dat ons moet hoor – daarom **doop** ons klein babatjies. By die doop het Hy ook vir ons gesê: *“Jy is my geliefde seun/ dogter.”* Het jy dit al vir jouself **toege-ëien** en “amen” gesê daarop? **God gee vir jou en my ‘n A** en wil ons help om dit elke dag waardig te wees.
Ja, br en sr, jy is God se geliefde! Leef dan so dat Hy hom oor jou **kan verheug!** Soos Jesus SAL jy en ek **versoek** word, maar in Sy krag kan ons ook die versoekings weerstaan.

**5. ONS WOORDE OOR EN AAN ANDER**
**EN: As God goeie en mooi dinge vir en van ons sê, behoort ons dan nie ook mooi en goeie dinge vir en van mekaar te sê nie?** Ek lees in die boekie *God praat, Leef luisterryk - vir Begeleiers*: “*Dit is van die wonderlikste dinge wat ons vir mekaar kan doen. Daar is niks wat so ‘n verskil kan maak aan ‘n mens se lewe, jou so positief kan beinvloed en kan laat groei in ‘n gesonde geloof in jou eie menswaardigheid en vermoë as wanneer jy agterkom dat ander in jou glo en van jou wil leer nie.”*
Dalk moet ons **meer ingestel** raak op ander se goeie hoedanighede as om krities te wees oor hul tekortkominge. Ek lees verder dat die skrywer sê hoedat ons dit **kan regkry**: *“As ons mense liefhet en al hoe meer na hulle begin kyk **deur die oë van God**, begin ons mettertyd hulle potensiaal raaksien en opgewonde raak oor wat die Here in en deur hulle lewe kan doen. ‘n Mens kry dit dan reg om verby die negatiewe te kyk en op die positiewe te konsentreer…*”
**e e cummings:** “We do not believe in ourselves until someone reveals that deep inside us, there is something valuable…”
Gaan lees gerus in **Paulus se briewe** hoedat hy daarin mooi dinge sê van en vir ander. Hy skryf ook: *“… praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.”* (Ef 4:29b) en in ‘n ander brief: *“Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk*

*en julle in opdrag van die Here lei en teregwys. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk…"* (1 Tess 5:12, 13) Hy stel self **die voorbeeld** in sy tweede brief aan die Tessalonisense wanneer hy aan die begin daarvan skryf: "*Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer. Daarom praat ons met trots van julle in al die gemeentes van God en vertel ons van julle volharding en geloof onder al die vervolging en lyding wat julle moet verduur."* (2 Tess 1:3,4)

**SAMEVATTING**: God sê sulke mooi dinge van ons – kom ons leef soos A kandidate en sê ook mooi goed VIR en VAN ander!

Amen
18 Sept 2011